Ek is... Poortbode 17 Mei 2020

Efesiërs 1:23
"Die kerk is Sy liggaam, die volheid van Hom, wat alles in almal vervul."

Teks: Joh 2:1 -10 Tema: Waar spoeg die virus ons uit? Ds. Johan de Wet

1.DANVILLE: Ons gemeente dra maandeliks R18 000 aan die Danville-projek oor. Elke gekeurde gesin gaan doen dan onder toesig met die lysie, hulle eie aankope. Indien u wil bydra, kan 'n EFT na die bankbesonderhede op bl. 2 gedoen word.

2.GEBEDSVERSOEKE:

*Ons bid in hierdie tyd as lidmate spesiaal vir mekaar. Daar is soveel sake: bekommernisse, siekte, eensaamheid, finansiële kwellinge, verlange na familielede en vele meer. Kom ons dra mekaar in gebed.

*Ons bid ook vir ons land, regering en ons medelandgenote wat tans elkeen op baie verskillende maniere deur Covid-19 geraak word. Ons bid dat God se wil sal geskied en dat Sy koninkryk hier op aarde gevestig sal word.

3. VERJAARSDAE: Baie geluk aan elkeen wat 17-23 Mei verjaar. Mag jy op jou besondere dag God se liefde en genade in oorvloed beleef.

4. **NUWE INTREKKERS:** Indien u dalk in hierdie tyd of net voor die grendeltyd verhuis het, maar nog nie as lidmate kon aanmeld nie, kan u gerus op ons webwerf kyk en die lidmaatbesonderhedevorm aflaai, invul en stuur na: **kantoor@hartiesng.org -** sodoende sal ons u ook op 'n whatsapp-groep kan plaas, sodat u die eredienste- en "huisbesoek"-video's, asook die Poortbode in die grendeltydperk kan ontvang. U attestate kan ook solank aangevra word.

5. **KOMMUNIKASIE:** Ons herinner graag dat u al ons inligting op die volgende sosiale mediaplatforms kan kry: **"Facebook" -** Harties NG Kerk; **"Youtube" -** HartiesNG **Webwerf** - www.hartiesng.org

6. **Hartklop:** Ons wil graag 'n digitale Hartklop in hierdie spesiale tyd probeer uitgee, maar ons het regtig elkeen se inset en hulp nodig. Wil julle nie asseblief julle belewenisse, interessante stories van hoop en bemoediging, verhale van die Here se genade, enige



iets wat julle in hierdie grendeltyd aangeraak het, vir ons deurstuur na **komm@hartiesng.org** nie? Teen die einde van die jaar glo ek, gaan ons met soveel verligting en dankbaarheid terugkyk na hierdie grendeltyd en dan gaan hierdie uitgawe van die Hartklop 'n besondere herinnering daaraan wees dat die Here almagtig en in beheer is en na elkeen van ons omgesien het.

7. **KUIER-EN-KERSMARK:** Na baie gebed en bespreking en met alle moontlike inligting t.o.v. die Covid-19 regulasies, is die besluit geneem om ons mark na **27 November - 5 Desember 2020** te verskuif. Bid asseblief saam met ons, dat die Here die markkomitee die wysheid en insig sal gee om die mark, indien dit kan plaasvind, reg sal bestuur en organiseer, sodat alle eer Hom alleen sal toekom.
8. **KOLLEKTE/DANKOFFERS:** Al het ons nie tans fisiese eredienste nie, het ons gemeente steeds finansiële verantwoordelikhede wat nagekom moet word. Baie dankie vir elke gesin wat steeds in hierdie moeilike tye hulle bydraes lewer. Dit word opreg waardeer.

EFT

NG Kerk Hartbeespoort
ABSA
Rekeningnommer: 0640 580 364
Takkode: 334-146
Verwysing: dankoffer

Zapper

Die gerieflike, veilige manier om jou maandelikse en/of weeklikse bydrae te doen. Laai die "zapper-app" op jou selfoon en skandeer net die kode hiernaas om die bydrae te maak.